



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 27 JAAR OUD!

GRATIS
Maart
2026

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Die Spieël van God se Woord

Ons lees die volgende bemoedigende maar ook uitdagende woorde in Jakobus 1: *“En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen”* (Jak. 1:22-25).

1. DADERS TEENOOR HOORDERS

Alhoewel Jakobus, die broer van Jesus, sy brief bykans 2000 jaar gelede aan gelowiges geskryf het, is die inhoud daarvan steeds baie relevant vir die moderne leser of toehoorder. Jakobus skryf van vergeetagtige hoorders, omdat daar binne sy konteks baie klem was op die aanhoor van die Woord. Vandag is daar dalk meer klem op die lees van die Woord. Ons kan hierdie begrip vandag vertaal as “vergeetagtige lesers”. Die uitdaging wat Jakobus aan ons stel, is dat ons nie net die Woord moet hoor / lees nie, maar moet doen. Meyer stel dit so: “The Word must be so heard and received that it produces a corresponding activity.”

Jakobus daag ons uit dat ons sal toelaat dat die Woord vrug in ons geestelike lewe dra. Ons moet kennis neem van die sake waaroor ons in ons gewete aangespreek word en dan moet ons, in die krag van die Gees, iets daaraan doen. Ons moet al die mooi etiese en praktiese riglyne bestudeer, maar dit nie net daar laat nie. Dit is soos 'n regter wat met 'n wetboek onder die arm rondloop. Reg en geregtigheid sal eers geskied wanneer die wette toegepas en die oortreders

gestraf word. Anders is daar geen positiewe gevolge van al die pragtig-geformuleerde, logiese en korrekte wette nie. Die Bybel is egter meer as 'n wetboek. Dit roep ons tot geestelike groei en 'n verhouding met ons Hemelse Vader, asook naasteliefde en heiligmaking. Sal ons hierdie roepstem in ons lewe beantwoord, of sal ons tevrede wees om in die vlak water te speel en nooit die dieptes van God se volmaakte roeping te betree nie?

2. BEDRIEG JY JOUSELF?

Jakobus is baie prakties maar ook baie duidelik wanneer hy skryf. Sonder omhaal van woorde stel hy die ongemaklike waarheid dat 'n hoorder wat nie 'n dader is nie, homself / haarself bedrieg. Jy mislei jouself - jy glo onwaarhede. Wat is hierdie onwaarhede of leuens wat jy glo? 'n Hoorder-nie-dader-nie glo dat hy / sy heilig leef en God behaag omdat hulle die Woord gelees het en verstaan het wat God van 'n mens verlang. Maar dit is onwaar, omdat die saad van die Woord nog nie vrug in daardie persoon se lewe gedra het nie. Daar was nog geen geestelike impak nie. Dit bly teoretiese kennis sonder praktiese uitvoering. Daar is geen geestelike verandering of groei te bespeur nie. Sulke mense is saampraters en kan maklik in die strik van veroordeling trap, omdat hulle dan nou weet wat reg is en ander sien fouteer of die Woord se voorskrifte oortree. Maar hulle dink nie dat verandering eerstens by hulself moet plaasvind nie.

Hoe hartseer sou dit wees as iemand dodelik siek is, maar afkom op 'n geskrif wat die genesende medikasie beskryf en weier om dit aan te maak en dit te dan gebruik? So 'n voorskrif sou nutteloos wees, al is dit feitelik korrek en bevat dit lewegewende inligting! Daar is niks fout met die voorskrif nie, maar die fout lê by die gebrek aan optrede. As iemand dan dink dat hulle gesond sal word alleenlik omdat hulle

mediese kennis van hulle gezondheidstoestand bekom het, bedrieg hulle hulself. Netso moet ons daders van die Woord word, anders mislei ons onself en sal ons tekortskiet om God te behaag.

3. HOE DUIDELIK IS JOU SPIEËL?

Ons word aangemoedig om daders van die Woord te wees. Maar ons moet die Woord eerstens “hoor” of lees alvorens ons dit kan doen. Ons moet weet wat daarin staan en wat ons moet doen. Dit moet in ons hart leef. Paulus skryf, *“Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom”* (Kol. 3:16-17 OV). As die Woord ryklik in ons moet woon, moet ons tyd maak om die Woord te lees. Ons moet wag op die inspraak van die Heilige Gees. Ons moet nie bloot intellektuele kennis nastreef nie (want kennis alleen maak net opgeblase, dit is die liefde wat opbou; 1 Kor. 8:1), maar 'n hartsverandering en dus 'n gedragsverandering.

Dade vloei vanuit ons oortuigings en karakter. Ons dade sal slegs Godsverheerlikend wees as dit gebaseer is op die wil en waarheid van Gods Woord. Ons moet onself dus die vraag afvra: Is my spieël duidelik? Kan ek die Woord goed verstaan? Het ek genoegsame tyd spandeer, my hart genoegsaam verootmoedig, en sien ek duidelik wat die Woord my wil leer? Is ek bereid om op hierdie openbaring te reageer? Ek moet myself intellektueel maar ook geestelik voorberei hiervoor.

Hudson Taylor het geskryf dat hy dit soms moeilik gevind het om God se wil te onderskei. Hy het egter uitgevind dat dit baie maal



daaraan toe te skryf was dat hy met sy lei (skryfbord) na God gekom het, maar hierdie skryfbord was reeds van hoek tot kant toe volgeskryf met sy eie idees en verwagtinge. Dan vra Hy dat God dit sal seën. En dán vra hy wat God se wil is. Nee, ons moet in nederigheid ons lei eers skoonmaak. Ons moet ongebonde en met 'n leë skryfbord voor God kom staan en vra dat Hy aan ons sal openbaar, wat Hy verlang, onafhanklik van ons eie idees en verwagtinge. Meer nog, ons moet Hom vra om aan ons Sy wil te openbaar met die doel om dit dan te doen, anders sou die Here Sy asem mors, met respek gesê.

4. KYK DIEP IN DIE SPIEËL

Ons leef in 'n tyd waar mense se aandagspan baie kort is. Daar is só baie stimuli. Televisie, YouTube, TikTok, Instagram en ander sosiale media, internetvideo's, WhatsApp-boodskappe, boeke, koerante, tydskrifte, ens. Elke maatskappy ding mee om ons aandag omdat hulle hulle produk wil bekendstel en verkoop. Invloedryke sprekers stel hul standpunte en lug hul opinies (en verkoop hulle boeke). Trouens, ons kan onself nie 'n dag of selfs 'n uur indink sonder 'n slimfoon, rekenaar, skerm, televisie, internet, GPS, of ander vorme van tegnologie nie. Ons raak ongeduldig as die rekenarsisteem van lyn af is by die bank of 'n staatsinstelling. Ons het afhanklik geraak van tegnologie.

Vervolg op p. 4

Weet Jy nie - Jy is ook Deel van God se Tempel?

1. JY MAAK SEER OMDAT JY SEERGEKRY HET

Die lewe is onherbergsaam en vol pyn en swaarkry. Ons word dikwels teleurgestel en deur ander seergemaak. Wie het nog nie pyn beleef nie? Ons krimp ineen of ons vaar in woede uit teen die onreg. Soms verhard ons ons harte of soms trek ons terug in ons dop. En dikwels maak ons ander seer omdat ons self seergekry het. Jy sê dalk: Ek wil ander mense help wat ook in nood verkeer! Ek wil ander mense dien! En in die proses maak ek onnadenkend en onwetend ander seer. Ek wil die goeie doen, maar dan, in die proses, veroorsaak ek pyn. En veral ook by my geliefdes, dié naaste aan my. Paulus het in 'n soortgelyke konflik met homself gekom en hy roep uit: “As ek die goeie wil doen, dan is die kwaad by my aanwesig” (Rom. 7:21). Jy mag dalk vra: Is daar hoop vir my? Hoe kan ek my roeping uitleef en ander help, ten spyte van my pyn en smarte?

2. GENESING IS IN DIE TEMPEL VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID TE VIND

Die antwoord is Jesus. Hy kan genesing en herstel bring. In ons verhouding met die Here waar ons onself verloën en op Hom alleen ons hoop stel. Jesus sê ons moet verander en soos klein kindertjies word. Anders sal ons nooit 'n intieme verbondenheid met die Here dag vir dag kan handhaaf nie. En dan sal ons nooit van ons pyn genees kan word en ons roeping kan uitleef nie.

Dit is soos 'n pa wat met sy kleuter saamstap en in die ruwe terrein die kleuter se hand vat en styf vashou. Die kleuter steek sy hand uit, bo sy kop, en vra vir sy pappie om sy handjie te vat. Regdeur die ruwe terrein hou sy pa sy hand vas sodat hy nie struikel nie. En as hy struikel, sal sy pappie hom aan sy handjie optel en in sy arms styf vashou en hom liefkoos. So hou die Here ons vas op ons lewenspad met Hom. Ons moet ons kleinheid beleef voor die Here en soos klein kindertjies word om toegang tot Sy heilige tempel, Sy Teenwoordigheid, te verkry en te handhaaf. Dag vir dag. En dit is 'n volhoubare proses in ons wandel met Hom.

Ons kan vooruitkyk na waar ons eendag in volle heerlijkheid saam met God sal woon, en Sy Teenwoordigheid is die Tempel waarin ons sal ingaan: “Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die

hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is. Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: ‘Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God Self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan. Toe sê Hy wat op die troon sit: ‘Kyk, Ek maak alles nuut.’” (Openbaring 21:1-5 NV). Ons lees verder in vers 22-23, “*n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.*” Maar kom ons kyk na verskeie aspekte van God se Tempel, en waar ons in hierdie geestelike werklikhede inpas.

3. JESUS IS DIE TEMPEL VAN GOD

By geleentheid besoek Jesus die tempelplein, dit is die binnehof waar die heidene ook kon kom (Matt. 21). Jesus het hier die tafels van die geldwisselaars omgegooi en die stoele van diegene wat duiwe verkoop het, omgestoot. In die Evangelie volgens Johannes word spesifiek genoem dat Hy 'n sweep van toutjies gemaak het om die mense en diere uit te jaag (Joh. 2:15). Die rede hiervoor was dat die tempelterrein, die binnehof, bedoel was as 'n “huis van gebed vir al die nasies,” maar die korrupte handelspraktyke het dit verhinder en die heilige ruimte ontheilig.

Die letterlike tempel moes geheilig word, eerbiedig word, en dit moes 'n huis van gebed wees, nie 'n handelspraktyk om buitensporige winste vir die handelaars te genereer nie. Daar was ook duiweverkopers. Hulle het gebruik gemaak van die toegewing in die Wet dat as mense nie 'n lam kon bekostig nie, hulle twee duiwe kon offer. Arm mense. Tydens Jesus se toewyding is dit presies ook wat Josef en Maria gedoen het. Hulle het twee duiwe geoffer (Luk. 2:24) toe hulle gekom het om in die tempel te aanbid. Die geldbehepte handelaars het dus die arm mense ook uitgebuit. Dan kom Jesus met hierdie uitspraak: “*Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek hom weer opbou,*” wat na Sy eie liggaam verwys het. Ons moet intens en biddend aandag gee aan hierdie uitspraak. Dit hou 'n kosbare en wonderlike betekenis in dat Jesus na Homself verwys het as die Tempel van God.

In die eerste plek moet ons Jesus dus eerbiedig as die Tempel van God. Hy is die volmaakte Hoëpriester van die nuwe verbond. Waar die tempel die sentrale sentrum van gebed vir die Jode in die Ou Testament was, gepaardgaande met slagoffers en spysoffers, het die tempelbediening in die Nuwe Testament of bedeling oorgeskuif na Jesus. Die Hebreërskrywer leer ons, “*...in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword. En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly; maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so 'n Hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir Sy Eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het. Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is*” (Heb. 7:22-28 OV).

Neem byvoorbeeld die instelling van die Nagmaal. Die dissipels vier saam met Jesus die Pasga. Dan neem Hy dieselfde brood en die wyn waarmee die Pasga gevier is, en stel die Nagmaal in (Matt. 26). Daarom sê Hy Hy is die Tempel van God. Want die sentrum van aanbidding het verskuif of tot vervulling gekom vanaf die Ou Testament na Jesus Christus, waar mense met Hom ontmoet regoor die aarde, in “*elke stam en taal en volk en nasie,*” tot aan die einde van tyd. Die tempeldiens het verskuif vanaf die binnehof en die Allerheiligste, waar slegs die hoëpriester eenmaal per jaar gekom het, na Jesus Christus. Want die voorhangsel tussen die heilige en die Allerheiligste word van bo na onder geskeur tydens Sy kruisiging. Dit dui op Sy liggaam. “*Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam. En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water*” (Heb. 10:19-22 NV).

Nou kry alle nasies, volke en tale toegang tot die Allerheiligste Troonkamer van God deur die bloed van Jesus Christus! Nie meer die bloed van 'n lammetjie nie. Jesus het nou die Lam van God geword. Die Woord sê: “*En elkeen wat die Naam van die Here (kurios) aanroep, sal gered word*” (Rom. 10:13). En dit is die kernboodskap wat op die lippe van elke gelowige moet lê.

4. ONS LIGGAME WORD DIE TEMPEL VAN GOD DEUR WEDERGEBOORTE

Maar die fokus verskuif ook na ons, en die begrip van die tempel van God word verruim. Ons hoor steeds Jesus se woorde, wat nooit kan vergaan nie, weergalm regdeur meer as 2 000 jaar, waar Hy vir Nikodemus sê: “*Julle moet wedergeore word*” (Joh. 3). Ja, by wedergeboorte hoor ons reeds Sy Stem: “*Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak.*” En dan kom die roeping: “*Kom en bou die tempel van God.*”

Paulus skryf kragtig aan die Korintiërs: “*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort*” (1 Kor. 6:12-16). Die gelowige is nou die tempel van God saam met Jesus Christus, wat die Hoof is. Hy is die Hoof van die Liggaam en ons almal is lede van mekaar. Elke individuele gelowige is afsonderlik ook die tempel van God, soos hier vermeld. Hierdie wonderlike Woord-openbaring uit 1 Korintiërs 6:19-20 en ook 1 Kor. 3:16 beteken dat die Heilige Gees werklik in elke gelowige woon, wat hul liggame 'n heilige tempel maak. Dit beklemtoon dat gelowiges in Jesus nie aan hulleself behoort nie, maar duur gekoop is, en daarom God moet eer deur hul liggaam en gees heilig te hou.

Met wedergeboorte skakel ons in by Jesus, die Tempel van God. Ons is lewende stene in hierdie Tempel. Ons is priesters en konings in Sy Koninkryk. Johannes skryf in Openbaring 1:5-6, “*[Genade en vrede] van Jesus Christus, die geloofwaardige Getuie, die Eerste wat uit die dood opgestaan het, die Heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur Sy bloed van ons sondes verlos en ons Sy koninkryk gemaak, priesters vir God Sy Vader. Aan Hom behoort die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.*” Ons groei nog na die volmaakte.

Vervolg op p. 5

The Most Overlooked Worker in the Easter Story

“About an hour later [a third person] asserted, ‘Certainly this fellow was with [Jesus], for he is a Galilean.’ Peter replied, ‘Man, I don’t know what you’re talking about!’ Just as he was speaking, the rooster crowed” (Luke 22:59-60).

With Easter fast approaching, let us focus on an overlooked character noted in the passage above: the rooster.

At the Last Supper, Jesus predicted that Peter would deny Him three times before the rooster crowed - a prophecy Peter vehemently rejected. But as the third denial left Peter’s lips, we see one of the most cinematic scenes in Scripture: *“Just as [Peter] was speaking, the rooster crowed. The Lord turned and looked straight at Peter. Then Peter remembered...”* (Luke 22:60-61). God used the rooster’s crow to accomplish something powerful: convicting

Peter of his sin and revealing Christ’s sovereignty over all circumstances. But the rooster wasn’t cognisant of the work God was doing through him. He was simply being a rooster: eating and waking around Jerusalem at the crack of dawn. But by simply being who God made him to be, God produced something extraordinary through the rooster’s “work.”

There’s a lesson there for you and me.

Oftentimes we think we must do something extraordinary for our work to have “Kingdom impact”: share the Gospel with all our co-workers, donate tonnes of money to ministries, fight for justice, and so on. And yes, we should look for opportunities to do all those things and more. But the rooster reminds us that simply being who God made us to be - in our case, right representations and image-

bearers of Him - is enough.

It’s the difference between impact and influence.

The dictionary defines impact as “the strong influence of one thing on another - a significant or major effect,” whereas influence is defined as “the act of producing an effect without apparent exertion of force.”

Impact is big. Influence is small.

Impact is fast. Influence is slow.

Impact is loud. Influence is quiet.

The rooster had zero impact. But it had lots of influence. And its crow is still echoing today.

So today, rather than look for extraordinary opportunities for impact, do the ordinary and yet, in the long run, perhaps more influential thing: Seek first the



Kingdom of God. Properly reflect Christ in every moment of your day - in how you type emails with love, in how you build spreadsheets with excellence, in how you show care for your co-workers.

Be who God made you to be in the ordinary, and watch the extraordinary things He can accomplish through your simple everyday faithfulness.

- RoleModel Software, via Jordan Raynor’s *The Word Before Work*

MADI A GA JESU KAMPO MADI A DIKGOMO (The Blood of Jesus or the Blood of Cows)



DITEMANA

“Gonne go a pala gore madi a dipoo le a diphoko a tlose maleo” (Bahebere 10:4).

“Le gona, ga a tsena ka madi a diphoko le a dinamane, mme o tsenye ka madi a e leng a gagwe gangwe fela mo Felong-ga-Boitshepo-jwa-Maitshupo, a dira kgololo e e sa khutleng” (Bahebere 9:12).

“Gonne ba ba itshepisiwang o ba dirile ba ba botlalo ka bosakhutleng ka setlhabelo se le sengwe fela” (Bahebere 10:14).

DIKAKANYO

Ke ka ntlha yang fa ditlhabelo tsa diphologolo di ne di tlhokega mo Kgolaganong ya Bogologolo mme di sa tlhokege gompieno mo Bakereseteng ba ba tsetsweng sešwa? Ditlhabelo tsa diphologolo mo Kgolaganong ya Bogolo-



golo di ne di dira jaaka tsela ya nakwana ya go bipa dibe mme di ne di supa setlhabelo se se itekanetseng, fela di ne di sa lekana go tliša pholoso e e feletseng. Gompieno, Bakeresete ba ba tsetsweng sešwa - badumedi ba bašwa - ga ba di tlhoke ka gonne Jesu Keresete o ne a diragatsa le go fedisa tsamaiso eo ka setlhabelo sa gagwe sa gangwe fela.

Mo Kgolaganyong ya Bogologolo Modimo o laetse ditlhabelo tsa diphologolo ka fa tlase ga Molao wa ga Moše go tshwantshetsa gore bolebo tlhoka loso le madi go itshwarelwa, jaaka go boletswa mo go Bahebere 9:22: “kwa ntle ga go tshololwa ga madi ga go na boitshwarelo.”

Ditlhabelo tseno di ne di bipa dibe mme di ne di tshwanetse go boelediwa ngwaga le ngwaga, di

gakolola batho ka molato wa bone o o tsweleng ka madi a diphologolo a ne a sa kgone go tlosa bolebo ka botlalo (Bahebere 10:1-4). Gape di ne di tshwantshetsa go tliša ga ga Keresete, yo a neng a ka tliša pholoso ya ruri.

Mo Tesetamenteng e Ntšha dilo di ne tsa fetoga. Loso lwa ga Jeso mo sefapaanong e ne e le setlhabelo se se itekanetseng, se se nang bolebo se se tlhatswang dibe go ya go ile, se tsena mo lefelong le le boitshepo la selegodimo “gangwe fela” ka madi a gagwe (Bahebere 9:12).

Seno se ne sa tlhoma Kgolagano e Ntšha, sa dira gore ditlhabelo tsa Kgolagano e Kgologolo di se ka tsa tlhola di thusa ka sepe, jaaka Keresete a “beela kwa thoko ya ntlha go tlhoma ya bobedi” (Bahebere 10:9).

Mo Bakereseteng ba bašwa, tumelo mo mading a ga Jeso e phepafatsa gotlholele, e neela phitlholele e e tlhamaletseng kwa Modimong kwa ntle ga dingwao tse dingwe (Bahebere 10:10). Bakeresete ba ba tsetsweng sešwa ba amogela boitshwarelo ka go ikwatlhaya le go tshepa tiro ya ga Keresete e e weditsweng, mme gotlhe go fetogile kwa sefapaanong.



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

Badumedi jaanong ba ntsha “ditlhabelo tsa semowa” jaaka pako le ditiro tse di molemo (Bahebere 13:15-16), ba tshela go ya ka pelo ya Kgolagano e Ntšha.

THAPELO

Ntate wa rona re go kopa gore o re thuse go tlhologanya gore fa re amogetse Jesu go nna Mopholosi wa rona, ga re tlhole re tlhoka go tlhaba le go tliša diphologolo mo pele ga Gago. Re thuse go tlhologanya gore Jesu le madi a ga Jesu a re tlhatswitse me pholoso ya ga Jesu ke ya nnete le ya go re isa kwa bophelong jo bo sa khutleng. Re leboga o re golotse mo molaong wa go tliša ditlhabelo ka Jesu a le setlhabelo sa rona sa nnete. AMEN.

Die Spieël van God se Woord

Vervolg van p. 1

Die term “breinverrotting” (“brain rot”) was die Oxford Woord van die Jaar 2024. Dit verwys na kognitiewe verval en geestesvermoeienis wat individue, veral jongmense, ervaar weens die buitensporige blootstelling aan lae-kwaliteit aanlyn-materiaal, veral sosiale media.

Professor Gloria Mark is ‘n gerekende navorser op die gebied van tegnologiese invloed op konsentrasie. Haar groep se resultate dui daarop dat die gemiddelde aandagspan (gemeet as fokus op een skerm voordat iemand aanbeweeg na ‘n nuwe taak) van mense geval het van 150 sekondes in 2003 na 47 sekondes vandag. Die gemiddelde lengte van gewilde liedjies word al hoe korter (dit is rondom 3 minute), terwyl daar ‘herinneringsflitse’ en ‘aankondigings’ is m.b.t. TV-reekse en films om die kyker te herinner wat vooraf plaasgevind het. Inhoud word vereenvoudig en herhaal, omdat vervaardigers weet dat baie mense televisie ‘kyk’ verwyf hulle ook op hul slimfoon besig is. Daar is dus ‘n konstante kompetisie vir die kyker se aandag. Navorsers het ook bevind dat wanneer ons van een na ‘n ander taak spring (‘multitasking’) ons meer foute maak en dat ons die individuele take eintlik stadiger verrig.

Wanneer dit by Woordstudie kom, het ons baie keer nie die aandagspan, lus, motivering, of dissipline om dit te doen nie. Ons dink dalk dat dit vervelig is en dat daar baie ander opwindende of drukende dinge is wat ons aandag verg. Ons verwag vinnige antwoorde, maklike begrippe, kitsoplossings. Die Here roep ons egter tot stilte en om op Hom te wag (Ps. 27:14). As ons Jakobus se vermaning om in die wet “in te sien” ernstig opneem, besef ons dat hy ons oproep tot ‘n teenkulturele handeling. Iets wat die vlees nie van hou nie, en waarteen dit sal stry.

Die woord “om te kyk” (Grieks: parakupsas) beteken “to peep into with eagerness and concentration” (Expositor’s Greek Testament); “stooping down and bending over [as one poring over the scroll of the law]” (Cambridge Bible).

Ons sien dieselfde Griekse woord in Luk. 24:12 waar Petrus oorbuig en in Jesus se leë graf intuïtief; so ook Johannes (Joh. 20:5) en Maria (Joh. 20:11). ‘n Verbuiging van die woord dui aan dat die profete en veral die engele gretig was / is om insig te verkry (te “sien”) in die fynere openbaarmaking van die Evangelie en die tyd dat die Messias die redding sou bewerk-

stellig (1 Pet. 1:12).

Ons sien dus dat Jakobus ons aanmoedig om die Woord in diepe oorweging te neem, om werklik tyd te spandeer, dit te bestudeer en te oordink. Nie net ‘n 1-minuut oordenking nie, alhoewel dit goed en reg is as ‘n bemoediging vir ‘n besige persoon. Maar ons moet streef na meer, na dieper kennis. Ons moet ons oopstel vir die liefdevolle oortuiging van die Heilige Gees (Joh. 16:8). Ons moet ons verhouding met God bou, en dit neem tyd.

5. REAGEER OP GEOPENBAARDE WAARHEDE

Wanneer ons tyd neem om waarhede in die Woord te ontdek, sal ons geestelike insig verkry. Die Here is getrou aan Sy Woord en Hy sal aan ons deur Sy Gees die waarhede openbaar en dit vir ons lewendig maak. Maar dan het ons ‘n verantwoordelikheid om ons lewens daarvolgens in te rig. Die metafoor is duidelik: Dit help niks om in ‘n spieël te kyk en gebreke raak te sien, maar niks daaraan te doen nie. Ons moet geestelike korreksie toepas wanneer ons besef dat daar ‘n geestelike probleem is.

MacLaren skryf, “Many of you do not give the motives and principles of the Gospel, which you say you believe, a chance of influencing you, because so interruptedly, and spasmodically, and at such long intervals, and for so few moments, do you gaze upon them. Steadfast and continued attention is needful if we are to be ‘doers of the work.’” Ons teologie moet dus ons gedrag beïnvloed, anders is dit waardeloos en slegs akademies van aard. Die Woord het die krag om ons te transformeer, maar ons moet ons wil in werking stel en ons oorgee aan hierdie kragtige werking, sodat ons karakter en lewenshouding en dus ons optrede daadwerklik verander sal word. MacLaren sluit af, “[The] natural crown of all contemplation and knowledge is practical obedience. Make of all your creed deed. Let everything you believe be a principle of action too; your credenda [beliefs, articles of faith] translate into agenda. And, on the other hand, let every deed be informed by your creed, and no schism exist between what you are and what you believe.”

Benson verklaar die gedeelte dat ons in die Woordstudie en die bepalings daarvan moet “bly” as “[One who] perseveres in the study, consideration, and belief of it, and in obedience to it.” Ons sien dus weer die twee kante van die dubbelsnydende swaard: eerstens moet ons uitvind wat om

te doen deur die openbaring van die Woord en die verligting van die Gees, en dan moet ons ‘n wilsbesluit maak om dit daadwerklik uit te voer, elke dag, voortdurend, en aanhoudend.

6. BEVESTIG JOU IDENTITEIT

Dit bring ons by identiteit. As ons toelaat dat die Woord só in ons woon dat dit ons verander, verander ons diepste wese - ons karakter, ons identiteit! In ‘n spieël kry ‘n mens ‘n geheelbeeld van hoe jy lyk en hoe ander jou sien. Maar ons begryp veral hoe God ons sien vanuit Sy verhewe perspektief. Hy ken die harte, en daar is geen geheime voor Hom nie. Hy weet wie ons is as ons alleen is. Nou moet ons ontdek hoe ons geestelik daaruitsien, en daarvoor het ons die spieël van die Woord nodig.

In Sy genade toon die Here ons ons swakhede stap vir stap en in baie geduld en liefde. Nie alles op een slag nie. Hy stap ‘n geestelike pad met ons, en Sy begeerte is dat ons meer soos Sy Seun sal word elke dag. “[God gee gawes en bedieninge sodat / totdat] ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus” (Ef. 4:13).

Ons wandel in die wêreld en ‘n bepaalde geestelike reuk gaan van ons uit, ‘n reuk van lewe of van dood. Paulus skryf oor sy roeping, maar ons kan dit in hierdie konteks ook toepas: “Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van Sy kennis deur ons oral versprei. Want ons is ‘n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste ‘n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste ‘n reuk van die lewe tot die lewe. En wie is tot hierdie dinge bekwaam? Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie; maar as uit opregtheid, maar as uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus” (2 Kor. 2:14-17 OV).

Ons het dus ‘n beeld wat ons uitstraal. Ons wil seker maak dat dit ‘n goeie beeld is, want dit is gekoppel aan ons identiteit en weerkaats God se Koninkryk.

Tyler Staton herinner ons dat ons vergeet het wie ons werklik in God is. Ons is na Sy beeld geskape en Adam het oorspronklik in onafgebroke gemeenskap en heerlikheid met die Here gewandel. Maar ná die sondeval was ons as mensdom verlore en het ons vergeet wie ons is en hoe ons behoort te lyk. Die Woord roep ons terug na ons oorspronklike

geestelike identiteit. Die gebroke verhouding tussen God en ons word herstel, en ons herwin ons geestelike identiteit!

7. GEESTELIKE VRYHEID

Jakobus skryf dat God se wet volmaak is. Barclay voer drie redes aan waarom dit so is: eerstens, dit kom van God af en Sy wil is volmaak; tweedens kan dit nie verbeter word nie, want dit is die wet van liefde; en derdens lei dit tot geestelike perfeksie of voltooiing.

Die Woord toon ons hoe Jesus geleef het, en bevat baie etiese en morele kodes wat ons moet navolg. Maar meer as reëls, is dit ‘n lewenswyse van vryheid en ware identiteit. Ons groei tot volwassenheid. Daar kan geen groter vreugde wees as wanneer ons weet wie ons in Christus is en elke dag ons skeppingsdoel ervaar!

As ons nie die Woord gehoorsaam nie, is ons slawe van ons eie sondige begeertes, welluste en hartstogte. Maar as ons God se wil aanvaar vir ons lewe, is ons waarlik vry, omdat Hy ons die krag gee om daarin te leef en om sinvolle dinge te doen wat impak vir Sy koninkryk maak.

Ons sien dus dat om die Woord te “eet”, te verteer, ons eie te maak, en in die krag daarvan op te tree, sal lei tot ware geluk en vryheid. “Geluk” (Grieks: makarios) beteken geseënd. Dit is dieselfde woord wat telkemale gebruik word in die saligsprekinge (Matt. 5). Dit is Godgegewe vreugde, nie soos die geluk of opwindende wat die wêreld bied nie.

Barclay skryf, “It is a joy which has its secret within itself, that joy which is serene and untouchable, and self-contained, that joy which is completely independent of all the chances and the changes of life... a joy which shines through tears”. Hier is die geheim van ware vreugde: om God se wil te soek en te doen. Dit is ware wysheid en ware kennis (Spr. 1:7, 9:10).

SAMEVATTING

Die Woord is ‘n spieël wat baie waarhede oor ons karakter en lewenswandel openbaar. Ons moet tyd neem om in hierdie spieël te kyk en dan dienooreenkomstig optree en verstellings maak soos nodig. Ons moet toelaat dat die Woord ons identiteit verander, sodat ons al hoe meer soos Jesus sal begin lyk en optree. Maak die volgende jou lewensleuse: “Ek is ‘n dader van die Woord.” Eet die Woord, lééf die Woord! Dan sal jy ware vryheid en ware geluk smaak!
© C Venter

Weet Jy nie - Jy is ook Deel van God se Tempel?

Vervolg van p. 2

Hierdie groei vind plaas vir die res van ons lewe, dan sal Hy ons kom haal om ewig in Sy tempel en in Sy Teenwoordigheid te bestaan.

5. SOEK GOD SE AANGESIG EN VERKRY GENESING

Ons bou elke dag aan die tempel van God. Jesus is die Tempel, maar ons vorm ook deel hiervan. Verder moet elke gelowige daaglik God beleef in die tempel van Sy Teenwoordigheid totdat ons eendag in Sy volmaakte tempel salingaan.

Wanneer jy 'n gedeelte uit die Woord ontvang het en toegepas het vir jouself, dan het jy iets om oor te dra aan ander gelowiges toe. Want ons moet almal groei vanuit ons gebrokenheid en stukkend-wees en pyn, na die volmaakte tempel van God. Na gelykvormigheid aan die Beeld van Jesus Christus. En soms gaan dit pynlik en kom met voortdurende oorgawe en kruisiging van die “ek.” Want die vleeslike mens wil nie pynlik sterf nie. Maar die Here sal die goeie werk wat Hy in ons begin het voleindig tot op die dag van Christus (Fil. 1:6).

In God se Teenwoordigheid kan ons genesing van ons pyn ontvang. Ek vind uit: Saai seer en jy maai seer. Tog, bo alles, strek die Here Sy Hand na my uit om my op te tel. Die Woord sê Hy is voor ons, Hy is agter ons rondom ons, “en onder is Sy ewige arms.” Ons lees, “Die ewige God is ‘n woning, en onder - ewige arms; en Hy het die vyand voor jou uit verdrywe en gesê: Verdelg!” (Deut. 33:27).

God sê vir Moses op die berg: “Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is ‘n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan” (Ex. 33:21). En kom in Sy Teenwoordigheid onder die salwing van die Heilige Gees, die Trooster en Helper.

Maar waar het alles by my begin? By my verootmoediging en my ontlediging van my hart voor Hom. Ja ek giet al die lelike en verkeerde dinge uit voor Hom. En ek kyk op na Jesus wat met 'n traan van medelye na my kyk om my op te tel. Jesus kom om ons te red en te reinig en te heilig as tempel-wandelaars en arbeiders.

In Heb. 9:11 lees ons: “Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel (en ook tempel) wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie... ingegaan...”

6. ONS MOET ELKE DAG AAN DIE TEMPEL BOU DEUR DIE GEBRUIK VAN ONS GAWES

God genees ons en maak van ons waardevolle diensknegte in Sy Koninkryk, in Sy Tempel. Elkeen van ons kry 'n bedieningsgawe. 'n Talent of talente of vermoëns (“skills”). Waar pas jy in? Wat is jou bedieningsgawe, selfs sonder om glans te verwag, of te wag vir 'n klop op die skouer, met net 'n onverteerbare drang om ander te help in nood! Kom, help bou aan die tempel!

Bou, al ly jy self smarte of pyn of seerkry. Binne jou vuuroond is Hy ook daar om jou te red en te help. Wanneer God ons genees, kan ons ander weer help. Trouens, Hy kan ons pyn gebruik sodat ons simpatieke harte sal hê. Ons kan ander troos met die troos waarmee ons getroos is. Paulus skryf, “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word” (2 Kor. 1:3-4 OV).

Dan kom die volgende lied uit die Liedboek by my op:
*Gaan dan heen, gaan in vrede,
My kind gaan doen wat Ek jou vra.
Versprei My lig, gaan leef My liefde,
My kind onthou: Ek is altyd daar.*

*Kyk, Ek gaan voor jou uit, Ek maak die pad gelyk.
Ek is langs jou om jou veilig vas te hou.
Ek is agter jou, Ek keer die bose weg van jou.
Ek is onder jou, as jy sal val, dan dra Ek jou.*

*Kyk Ek is rondom jou, want Ek beskerm jou.
Ek is bokant jou, want Ek wil jou graag seën.
Ek is binne jou, Ek lei jou deur My Heil'ge Gees.
Die seën van God Drie-enig sal vir ewig met jou wees.*

Kom, laat ons ons harte voorberei om 'n dienswillige dienaar te wees in die Koninkryk van God, terwyl ons alles met die Here saam en in liefde doen. Laat ons ook dink aan die volgende woorde van 'n bekende lied:
*Take my life, and let it be
Consecrated, Lord, to Thee.
Take my hands, and let them move
At the impulse of Thy love
At the impulse of Thy love
Take my feet, and let them be*

*Swift and beautiful for Thee
Take my voice, and let me sing
Always, only, for my King
Always, only, for my King*

*Take my lips, and let them be
Filled with messages from Thee
Take my silver and my gold
Not a mite would I withhold
Not a mite would I withhold*

*Take my love, my God, I pour
At Thy feet its treasure store
Take myself, and I will be
Ever, only, all for Thee
Ever, only, all for Thee.*

7. BOU SAAM MET DIE KERK (TEMPEL)

Wanneer jy genesing ontvang het, kan jy nou ander dien. Jy gaan wen. Jy gaan dit maak. Want jy doen dit nie alleen nie. Jy skakel in by die res van die tempel (Kerk) en jy bou ook aan jou eie tempel. Julle vat hande. Julle dra mekaar se laste. Die Here sê: “Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoeft te leen nie. En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooe van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te

doen, en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie” (Deut. 28:12-14).

Kom met jou gebrokenheid, jou swakheid jou neiging tot sonde en werp jou hele las op Jesus. Daar is nog 'n lied wat te berde kom:
*Werp jou hele las op Hom
kry die ware rus in Hom
Aardse vreugde gaan verby
As ek eers op Hom vertrou.*

SAMEVATTING

Jesus is die Tempel van God. Hy woon in ons deur Sy Gees en maak ons liggame die ook die tempel van God. Maar dan vorm ons gesamentlik ook die Kerk, die tempel van God. Ons kan in die tempel van Sy Teenwoordigheid ingaan. Daar kan ons genesing ontvang en ander met ons gawes dien. Jy is bestem om 'n oorwinnaar te wees! En om Jesus van harte te dien. “Een ding vra ek van die Here, en dit sal ek bly soek: om in die huis van die Here te bly al die dae van my lewe, om my te verbly in Sy goedheid, en in Sy tempel daaroor na te dink” (Psalm 27:4 NLV). Wees 'n ware tempelbedienaar en beleef God se Teenwoordigheid elke dag! Amen.
©Dr JJ Venter

LET NOT YOUR HEART BE TROUBLED

It never ceases to amaze me how quickly God’s Word can calm a troubled mind. What’s even more amazing is that somehow, He always points us to the right words at the right time. Just this morning I read these beautiful words by David McCasland, one of *Our Daily Bread* authors, “God’s love for us is always astonishing, especially when it touches us at a low ebb of life. During our darkest times, the Lord comes to us with His joy, His song, and His love.”

Jesus Himself has left us with such a rich heritage of comforting words, profound encouragement, that we should never feel abandoned or forgotten. It’s impossible for Him to forget you. If you have paid a staggering price for something you dearly wanted, it will always have a special place in your heart, and you will often stop to stare at it in admiration. You are even more deeply loved, cared for, cherished as precious beyond words.

“See what a great love the Father has lavished on us, that we should be called children of God! And that is what we are!” (1 John 3:1). With that very same love His comfort flows, His healing ever-present Presence. “Let not your heart be troubled.” “My precious child,” is the unchangeable invitation to you today. “You believe in God, believe also in Me” (John 14:1). Cry out for that peace today!

Make His loving Presence and peace your hiding place and remain there. It’s the best place to be. Despite heartache and tears, may “the peace of God, which surpasses all understanding, guard your heart and your mind in Christ Jesus” (Philippians 4:7). Banish all fear and troubled thoughts today and redecorate, making room only for the healing peace that flows from His Presence.
- Helen du Plessis, 083 332 0895.

God is Groot, Goed, en Getrou!

Ek en my man was amper sewe jaar getroud toe ons bedrywige lewe in 'n onverwagse oomblik tot stilstand gedwing is. My man het in 1979, op die ouderdom van 32 jaar, 'n massiewe hartaanval beleef. Na twee weke in Intensiewe Sorg word hy ontslaan met 'n ellelange lys van leefstylaanpassings, 'n wavrag medikasie, 'n oefenprogram en eetplan wat sy gesondheid sou waarborg.

